



Laerskool Swartkop

H/v Viking & Campbellweg Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137
Tel 012-654-1181 Faks 086-560-1819
e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swartkop.co.za

Nuusbrief 4
11 Maart 2021

Uit die Hoof se kantoor



Ek het Dinsdag weereens besef hoe bevoorreg ek is om aan die skool verbonde te wees. Dit was verblydend om te sien hoeveel ouers aan die voldag Beheerliggaamverkiesing deelgeneem het. Ons was in staat om 'n kworum te bereik met meer as 200 ouers wat gestem het. Met so 'n groep ouers kan ek met 'n geruste hart 'n lang pad stap. Baie geluk aan die ouers en personeel wat tot die Beheerliggaam verkies is. Ek sien daarna uit om saam met die nuwe Beheerliggaam hard te werk om die skool na nog hoër hoogtes te lei. Hulle is:

Ouers:

Jaco Strauss (Voorsitter)
Jaco Kruger (Onder-Voorsitter)
Pieter Fourie (Tesourier)
Gerhard van Staden (Gekoöpteer)
Karien Stoltz
André Botha
Anneline Cross

Personeel:

Eria Geerlings
Albert Korf
Riana du Toit
Marizaan Miller

"Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word."
-Matteus 5:9-

Intersenfase – Vakveranderinge en personeel



Mnr Glen van Pletzen het aan die begin van Maart 'n bevorderingspos by 'n ander skool aanvaar. Ons wens hom alle sterkte toe in sy nuwe rol as Departementshoof.

Om hierdie pos te vervang sal die volgende skuiwe vanaf 22 Maart in werking tree:

Mnr Albert Korf skuif na Graad 7 waar hy EBW en LO vir die Graad 7 leerders sal gee. Hy sal ook Graad 7P se registeronderwyser wees.

Mnr Driaan Smit skuif dan na Graad 5 Sosiale Wetenskappe en sal die registeronderwyser van Graad 5A wees. Juf Matika Ras is aangestel by Graad 4 Kuns en Graad 5 Engels en sal die registeronderwyser van Graad 4D wees. Ons vertrou dat sy baie gelukkig by die Swarrie-familie sal wees.

Ons weet dat dit 'n ontwrigting vir die leerders is maar ons wil altyd die beste moontlike personeel aanwend vir die leerders se onderrig. Alle leerders van graad 4-7 sal Vrydag, 19 Maart 'n nuwe wisselrooster ontvang.

Dankie vir u samewerking en geduld in hierdie verband.

Terugvoer van die Ouerforum

Die ouers wil die personeel bedank vir die mooi, netjiese terrein asook die pragtige nuwe tennis- en netbalbane. Baie dankie vir die reëlings rondom die op- en aflaai van kinders by die onderskeie hekke. Die ouers wil ook die skool bedank vir die moeite wat gedoen is om al die leerders elke dag by die skool te akkommodeer.

LET ASB OP DIE VOLGENDE:

1. Kinders kan nie tans in badkamers saamdrom om oefenklere aan te trek vir fisiese aktiwiteitsperiodes nie. Sosiale distansiëring sal nie kan gehandhaaf word nie. Kinders oefen in skoolklere totdat regulasies verander.
2. Indien ouers iets wil saamstuur skool toe om 'n kind se verjaardag te vier, onthou asb. dat eetgoed apart verseël moet wees soos bv. 'n suigstokkie of 'n pakkie aartappelskyfies.
3. Indien jou kind afwesig is a.g.v. van siekte moet Marizaan by die skoolkantoor gebel word of 'n epos aan die voogonderwyser gestuur word. Sodra die kind terug is by die skool moet hy/sy elke vakonderwyser gaan vra oor die inhaal van skool- of huiswerk.
4. Maria in die kantoor kan geskakel word vir enige navrae oor die klerebank.
5. Ouers moet asb. let op die voorkomsreëls in die dagboekie en seker maak julle kinders kom netjies skool toe.
6. Parkering by die skool is maar altyd 'n uitdaging. Wees asb. bedagsaam teenoor ander ouers en ons skool se bure. Ter wille van die veiligheid van ouers en leerders vra ons almal om geduldig te wees en padreëls na te kom.

Sport

Dit is met 'n gevoel van opgewondenheid en blydschap dat ons weer kon begin met sportoefening by die skool. Al is dit 'n aanpassing met die nuwe maatreëls en regulasies, is ons bly dat die leerders weer aktief kan raak. U sal saamstem dat ons kinders dit baie nodig het vir hulle ontwikkeling en ons glo dat elkeen die beste van die saak sal maak.

Sportsoorte wat wel begin het, is: Rugby, Netbal, Bulletjie Rugby, Mini-Netbal, Tennis, Landloop, Skaak, Fietsry en Perdry. Daar gaan wel op hierdie stadium aan geen wedstryde deelgeneem word nie en word daar gefokus op vaardighede en fiksheid.

Kultuur

Alle leerders wat deel was van groepitems (Revue, Kore ens) het reeds briewe ontvang in verband met die kultuur-groepdeelnames wat nie hierdie jaar sal plaasvind nie a.g.v. die inperkingsmaatreëls wat ons oefening en deelname beperk.

Ons gaan gedurende 2021 fokus op individuele deelnames soos sang, drama, slagorkeste en toneel. Ons beplan om 'n kultuurweek nader aan die einde van die jaar te hou. Indien u kind belangstel om afrigting te ontvang, kan hulle gerus navraag doen by die betrokke afrigters, klasonderwysers of Me Estelle Jooste.

Opedag

Kom kyk waaroor gaan die plaasvibe! Kom wees deel van die plaasgevoel in die stadsgewoel!

Ons sien baie uit na ons opedag op Saterdag, 10 April waar die Swarrie-onnies kans gaan kry om met ons pragtige skool te spog. Daar gaan stalletjies wees waar julle meer oor al ons aktiwiteite kan leer en ons het 'n voëltjie hoor fluit dat daar 'n paar nuwe plaasgeluide op die Swarrie-werf gaan wees... 'n trekker wat brul, diere wat runnik, mē en oink.... nee wag, kom kyk eerder self!

Nooi asseblief jul vriende en familie om die dag saam met ons te kom geniet!

Individuele skoolfoto's

Alle fotobestellings sluit op 23 Maart. Ons kan ongelukkig nie die datum uitstel nie, aangesien ons nie die foto's betyds sal ontvang en uitdeel voordat die skool sluit vir kwartaal 1 nie. U is egter welkom om Prestige self te kontak by production@prestigephotoco.za of te skakel by 012 346 4437 vir bestellings.

Leerders wat afwesig was tydens die fotodag, word op Donderdag, 1 April afgeneem. Sien asseblief toe dat u kind wel op daardie dag by die skool is indien hy / sy die fotodag misgeloop het.



Skaakleerder presteer



Ruben Meades in graad 4 ken elke skuiwergat op die skaakbord. Hy het onlangs Gauteng-Noord Kleure in skaak ontvang nadat hy uitstekend presteer het tydens die 2021 Aanlyn Inter-provinsiale geslote skaaktoernooi. Ruben is lid van die Gauteng-Noord o/10 Ope A Span. Ons is baie trots op jou Ruben!

Vriendelike Groete

M VAN DER MERWE
SKOOLHOOF